

VIR DIE KLEINSTE STROOI-MEISIE

Lyk dié mantel en sakkie nie fraai nie? Die weer is dié tyd van die jaar juis so wisselvallig, dus sal die manteltjie baie handig te pas kom. Die aanwysings vir die maak van die sakkie word ook gegee

DIE MANTEL

BENODIGDEHEDE: Patons Kismet, 150(150; 200) g wit; 50 g blou of ander kontraskleur (50 g-bolle); hekelpen van 3,00 mm.

SPANNING: Vyf V-steke behoort ongeveer 10 cm breed en 10 rye ongeveer 10 cm lank te wees.

MATE: Die mantel sal ongeveer 111(115; 121) cm breed en ongeveer 30,5 cm lank wees en sal meisies van 4-8 jaar pas.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; sp(s) - spatie(spasies); vlg - volgende; herh - herhaal; ls(a) - lus(lusse); gp(e) - groep(groepe); st(e) - steek(steke); W - wit; K - kontraskleur; tes - tesame; VK - verkeerde kant; RK - regte kant.

AGTERPANT: Met 3,00-mm-hekelpen en W, hekel 28(36; 40) ks, draai.

1e ry: (VK) (1 lb, 3 ks, 1 lb) in 6e ks vanaf hekelpen, * slaan 3 ks oor, (1 lb, 3 ks, 1 lb) ('n V-st) in vlg ks; herh van * tot 2 ks oorbly, 1 ks, slaan 1 ks oor, 1 lb in ks aan einde, draai — 6(8; 9) V-ste.

2e ry: 3 ks vir 1e lb, 5 lb in 1-ks-sp voor 1e V-st, 5 lb in elke V-st, 5 lb in 1-ks-sp na laaste V-st, 1 lb in bopunt van 3 draai-ks, draai.

3e ry: 4 ks vir 1e lb en 1 ks-sp, 1 V-st in middelste lb van elke 5-lb-waaier, tot einde, 1 ks, 1 lb in bopunt van 3 ks aan einde, draai.

4e-7e ry: Herh 2e en 3e ry 2 keer — 12(14; 15) V-ste.

8e ry: 3 ks vir 13 lb, 5 lb in 3-ks-sp van elke V-st, 1 lb in bopunt van 3 ks aan einde, draai.

9e ry: Soos 3e ry.

10e en 11e ry: Herh 2e en 3e ry een keer.

12e-19e ry: Herh 8e tot 11e ry 2 keer.

20e tot 28e ry: Herh 8e en 9e ry 4 keer, daarna die 8e ry weer — 18(20; 21) V-ste. Knip garing af en heg af.

KANTPANELE (eenders): Met 3,00-mm-hekelpen en W, hekel 8 ks, draai.

1e ry: (VK) (1 lb, 3 ks, 1 lb) in 6e ks vanaf hekelpen, 1 ks, slaan 1 ks oor, 1 lb in laaste ks, draai.

2e tot 5e ry: Soos 2e en 3e ry van agterpant, 2 keer.

6e ry: Soos 8e ry van agterpant.

7e ry: Soos 3e ry van agterpant.

8e en 9e ry: Soos 2e en 3e ry van agterpant.

10e-17e ry: Herh 6e tot 9e ry 2 keer.

18e tot 28e ry: Herh 6e en 7e ry 5 keer, daarna die 6e ry weer. Knip garing af en heg af.

LINKERVOORPANT: Met 3,00-mm-hekelpen en W, hekel 8(8; 12) ks, draai.

Vir eerste twee groottes: 1e ry: Soos 1e ry van kantpaneel.

Vir derde grootte: 1e ry: (1 lb, 3 ks, 1 lb) in 6e ks vanaf hekelpen, slaan 3 ks oor, V-st in

BLAAI OM



STROOIMEISIE

VAN BLADSY 112

vlg ks, 1 ks, slaan 1 ks oor, 1 lb in laaste ks, draai.

Vir al die groottes: 2e en 3e ry: Soos 2e en 3e ry van agterpant **.

4e ry: 3 ks vir 1e lb, 5 lb in 3-ks-sp van V-st, tot einde, 5 lb in sp na laaste V-st, 1 lb in bopunt van 3 draai-ks, draai.

5e ry: Soos 3e ry van agterpant.

***** 6e en 7e ry:** Herh laaste 2 rye een keer.

8e ry: 3 ks vir 1e lb, 5 lb in elke V-st tot einde, 1 lb in bopunt van 3 draai-ks, draai.

9e ry: Soos 3e ry van agterpant.

10e-17e ry: Herh die laaste 4 rye 2 keer — 7(7; 8) V-st.

18e tot 28e ry: Herh 8e en 9e ry 5 keer, daarna die 8e ry weer. Knip garing af en heg af.

REGTERVOORPANT: Met 3,00-mm-hekelpen en W hekel 8(8; 12) ks, draai. Hekel soos uiteengesit vir linkervoorpant tot**.

4e ry: 3 ks vir 1e lb, 5 lb in sp voor eerste V-st, 5 lb in middel van elke V-st tot einde, 1 lb in bopunt van 3 draai-ks, draai.

5e ry: Soos 3e ry van agterpant.

Hekel voort soos uiteengesit vir linkervoorpant van *** tot einde.

AFWERKING: Moenie pars nie. Werk kantpaneel tussen agterpant en voorpant vas.

OMRANDING: Met VK voor, 3,00-mm-hekelpen en W, hekel 'n ry kb oor linkervoorpant, rondom halsrand en afwaarts oor regtervoorpantrand. Hekel tot 'n veelvoud van 4 plus 1, draai.

Vlg ry: 3 ks vir 1e lb, * slaan 3 kb oor, V-st in

vlg st, herh van * tot 4 kb oorbly, slaan 3 kb oor, 1 lb in laaste kb. Knip garing af en heg af.
Omranding vir onderste rand: Met regte kant van onderste rand voor, 3,00-mm-hekelpen en K, hekel 1 kb in 1e lb van linkervoorpant, * 2 ks, slaan 1 lb oor, 1 kb in vlg lb; herh van * tot einde en heg af.

HALSOMRANDING: Met RK voor en K, begin by V-st aan bopunt van regtervoorpant, * 1 kb in 1e lb van V-st, 2 ks, 1 kb in 3-ks-sp, 2 ks, 1 kb in 2e lb van V-st, 2 ks; herh van * tot ooreenkomstige punt aan linkervoorpant, maar laat laaste 2 ks weg. Knip garing af en heg af.

Met K dubbel, hekel 'n ketting van 61 cm lank en ryg deur V-st-ry aan halsrand. Strik voor vas.

DIE SAKKIE

BENODIGDHEDE: Ruitjespapier met blokkies van 5 cm; 40 x 90 cm wit satyn; 20 x 90 cm voeringmateriaal; 45 cm lint van 1 cm breed; 1,50 m wit skuinsband; kunsblomme om by rok te pas; drukknoopie.

AANWYSINGS: Om patroon te maak, vou ruitjespapier in helfte en trek diagram na. Let op voulyn.

Knip die satyn middeldeel sodat daar 2 stukke van 20 x 90 cm elk is. Om deurgestikte effek te verkry, plaas voering aan verkeerde kant van een van die stukke satyn en plaas dan die oorblywende stuk satyn met regte kant bo, op voering. Speld en ryg stewig vas om al die rande en ryg 'n ry steke skuins oor die geheel om die drie lae in posisie te hou. Trek 'n streep 3 cm vanaf kort kant met kleremakerskryt en stik, terwyl die materiaal plat gehou word, met naaimasjien oor hierdie lyn.





Diagram vir die mantel



Trek weer 'n streep 3 cm vanaf die eerste parallel daaraan en stik dit. Gaan op dié manier voort van die een kant van die sakkie tot die ander kant. Verwyder al die krytmerke wanneer die stikwerk voltooi is.

Vou papierpatroon oop en knip 2 hartvormige pante uit deurgestikte satyn. Vou skuinsband dubbel om en stik versigtig al om rande van elke hartvormige pant. Werk die twee hartvormige pante aanmekaar oor die stiksel, maar laat bokant oop.

Stik punte van lint in posisie aan bokant van sak vas. Maak drukknoopie oop en werk die twee dele aan teenoorgestelde kante van opening vas.

Rangskik ruikertjie op voorkant van sak en werk netjies vas.



Sonnet sonskerms

Nuwe Sonnet-sonskerms is onoortreflik, dit bied aantreklikheid en 'n lange lewe teen 'n verstandige prys. Met 'n unieke aluminiumraam wat wegvou en duursame Dralon-materiaal wat so sterk is dat dit vrotdig en waterwerend is en nie verbleik nie. Vervolmaak deur Bayer (Duitsland).
Vir patios, vensters en stoepe. In 'n verskeidenheid modelle en kleure.
Alles gerugsteun deur 'n 3-jaar-waarborg.
Sonnet-sonskerms is spesifiek ontwerp om die hitte van Suid-Afrikaanse son koud te sit.
Hulle bied koelte, gerief en duursame gerieflikheid. En hulle gee waardigheid aan u huis.

Sonnette tuinmeubels

Unieke Suid-Afrikaanse Tuinmeubels spesiaal ontwerp en vervaardig vir die Suid-Afrikaanse buitelewe. Lewenslange geanodiseerde aluminium gewaarborg vir 5 jaar.

Vir gratis kwotasie

Tel.: PRETORIA 83-4433.

Agente:	
UITENHAGE	29495
KAAPSTAD	74-3174
WINDHOEK (na ure)	41416
BLOEMFONTEIN	72-5021
OOSRAND	58-6517
MIDDELBURG (Tvl)	6736
OOS-LONDEN	47-1364
GEORGE	3368
SASOLBURG	68428
DURBAN	47-2705

